**Saterdag 9 April**

**Skrifgedeelte: Jona 4; HK Sondag 10, Antwoord 27**
**Fokusgedeelte: Jona 4:6-8**

## God se beskikking in ons lewe

Drie maal word van Jona gesê dat God iets beskik het wat hom intens geraak het. God beskik ’n boom, ’n wurm en ’n wind. Wat ’n eienaardige kombinasie! In God se hand word die dinge wat Hy beskik het, egter middele om Jona se liefdeloosheid te ontbloot en hom tot bekering te roep.

Wat hier as iets besonders in ’n bepaalde faset van Jona se lewe gesien word, is in werklikheid iets wat elke dag en elke oomblik met elkeen van ons gebeur. Ons belydenis vertolk dit op ’n besondere wyse deur te sê dat God ons so onderhou en regeer “dat lower en gras, reën en droogte, vrugbare en onvrugbare jare, voedsel en drank, gesonheid en siekte, rykdom en armoede en alles ons nie per toeval nie, maar uit sy vaderhand ons toekom”.

Omdat God in sy almag elke dag alles in stand hou, regeer en beskik (Heb. 1:3), is lotgevalle van alles en almal in sy Vaderhand: my asem, my voetstap, die knip van my oog, die getal hare op my kop, my gaan lê en my opstaan – alles word deur Hom bepaal. Hoewel die mens steeds voor God vir sy doen en late verantwoordelik bly (vgl. 16 Feb.), is dit ten diepste God wat oor alles beskik. Niks gebeur by toeval nie.

Tog kan ’n mens dit nie ontken nie dat daar in die Bybel wel gesê word dat sekere gebeurtenisse toevallig plaasgevind het, hoewel dit nie altyd in vertalings so weergegee word nie. So word van Rut gesê dat sy *toevallig* op die grond van Boas gekom het (Rut 2:3; vgl. 1 Sam. 6:9). In die gelykenis van die barmhartige Samaritaan sê Christus dat ’n *priester* toevallig daar verbygekom het (Luk. 10:31). Maar die gebruik van die woord *toevallig* in die betrokke gedeeltes is geensins ‘n ontkenning dat God alles regeer en bestier nie. Trouens, die hele geskiedenis van Rut toon juis hoe God alles in besonderhede beskik het. Met die gebruik van die woord *toevallig* in die gedeeltes word slegs aangedui hoe die mense dit ervaar het: dit is nie deur hulle verwag of beplan nie.

Die feit dat God alles regeer en volgens sy wil beskik, moet ons kalm en rustig maak. Nou weet ons immers dat ons nie aan ’n wispelturige noodlot uitgelewer is nie, maar dat alles onder ons God en Vader se wyse en heilige regering staan. Ook die verlossing deur Christus is deur Hom bepaal. Nou laat God alles in die lewe van sy kinders so verloop dat hulle steeds vaster aan Christus gebind word. So laat Hy alles wat met ons gebeur, vir ons ten goede meewerk (Rom. 8:28).